## Vraag 3: Opsomming [5]

Rangskik die volgende sinne in die regte volgorde. Skryf die letter wat pas, langs die nommer neer.

**A.** Daarna op reëndae maak mamma vir hulle pannekoek. **(1)**
**B.** Sipho help sy ma. **(1)**
**C** In die begin is dit winter en ouma maak sop. **(1)**
**D.** Op die einde bederf Oupa vir Sipho met 'n roomys. **(1)**
**E.** Die gesin eet ontbyt saam. **(1)**

| 3.1. | 3.2. | 3.3. | 3.4. | 3.5. |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

**Totaal Vraag 3:_____/5**

## Vraag 4: Taal in konteks [10]

**4.1** Gee die **meervoud** vir hond. **(1)**

Een hond, baie _________________

**4.2** Skryf 'n **sinoniem** vir familie uit paragraaf 6 neer. **(1)**

familie – _______________

**4.3** Skryf die **teenoorgestelde** van warm. **(1)**

warm - ________________

**4.4** Vul die regte **voornaamwoord** in die volgende sin in. **(1)**
**Sipho** het 'n roomys. Dit is **sy** roomys. Die roomys is ___________.

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

**4.5** Verbind die volgende twee sinne met die voegwoord, **want**. **(1)**

Sipho is baie gelukkig. Oupa koop roomys.

___________________________________________________________________

**4.6** Onderstreep die **bywoord** in die volgende sin. **(1)**

Sipho het die hardste gelag.

**4.7** Vul die **leesteken(s)** in. **(1)**

Het jy vergeet

**4.8** Voltooi die sin deur die regte **voorsetsel** in te voeg. **(1)**

Daar is lekker warm sop __________ die pot.

**4.9** Kies die korrekte spelling. **(1)**

Sipho se ma maak mieliepap en eiers vir (**ontbyd** / **ontbyt**) om te eet.

**4.10** Verdeel die volgende woord in **lettergrepe**. **(1)**

pannekoek = ______________________________

**Totaal Vraag 4:____/10**

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS